



Liewe Ouers

Met al die vakansiedae vir eers op 'n einde is die kwartaal nou volstroom aan die gang en die sport- en kultuurbedrywighede hou ons leerders besig!

Ligawedstryde vir hokkie, netbal en rugby vind gedurende die week en naweke plaas. Dit maak ons leerders se programme baie vol. Saam met dit is die Junie-eksamen, wat 'n baie belangrike eksamen is, ook om die draai. Leerders moet asseblief goed beplan sodat hulle nie met hulle akademiese agter raak nie!

Op Woensdag, 13 Mei en Vrydag, 15 Mei skryf alle leerders (graad 8 tot 12) reeds hulle eerste eksamenvraestelle, nl. English P3 en Afrikaans V3. Die eksamen sal aan die einde van die dag plaasvind.

Ons matrikulante skryf ook op 20 en 21 Mei die departementele Toerisme PAT.

ALLE leerders MOET asseblief teenwoordig wees. Indien 'n leerder afwesig is moet 'n mediese sertifikaat ingedien word. Let asseblief daarop dat 'n besoek aan NAMPO nie 'n geldige verskoning is nie.

Ons rugby speel Saterdag, 9 Mei (môre) TUIS teen Bultfontein. Die eerste span se wedstryd moes ongelukkig uitgestel word a.g.v. talle beserings in beide skole se spanne. Die o.15- en o.16-rugbywedstryde gaan normaal voort en ons skop die dag met ons eerste hokkiespanne af. Die program is as volg:

- Eerste seuns hokkie: 07:30
- Eerste meisies hokkie: 08:30
- o.15-rugbyspan 10:00
- o.16-rugbyspan 11:00

BAIE BELANGRIK:

Leerders ontvang 'n praktiese punt in Lewensoriëntering vir die betrokkenheid en of ondersteuning by buitemuurse aktiwiteite en moet asseblief hierdie wedstryde bywoon. Alle verskonings vir vooraf reëlings moet asseblief skriftelik by die registeronderwyser ingehandig word.

Die busse sal die normale busroete ry. Oplaaitye sal op die busgroepe deurgegee word.

Kom geniet 'n heerlike HOK-boereworsrol of -sosatie en ondersteun asseblief ons sportspanne!

Ons netbalspanne sou ligawedstryde teen Nanabolela gespeel het. Hierdie wedstryde is egter vanoggend gekanselleer.

Baie sterkte aan al ons hokkie- en rugbyspanne met môre se wedstryde!

WINTERSPORT: UITSLAE

RUGBY

HSH vs. Hoopstad

- o.15 verloor 17 – 23
- o.16 verloor 5 – 35

Die eerste span se wedstryd word gestaak weens swak lig en swaar weer. Die telling was op daardie stadium 5 – 12 in Hoopstad se guns.

HSH vs. Welkom High

- o.15 wen 22 – 0
- o.16 wen 21 – 17
- 1stes wen 42 – 10

Uitslae vervolg:

NETBAL

HSH vs. St. Dominic's

o.19A verloor 19 – 24

o.14A wen 14 – 6

o.19B wen 12 – 1

HOKKIE

1ste seuns

- wen 7 – 0 teen Goudveld o.14A
- verloor 1 – 2 teen Hentie Cilliers

1ste meisies

- verloor 0 – 3 teen St. Dominic's o.19A
- speel gelykop 0 – 0 teen Hentie Cilliers

o.19B-meisies

- verloor 1 – 2 teen Hentie Cilliers.

Baie sterkte aan al die spanne met die res van die seisoen!

DANS

Monique Venter, Khloé Marshall en Timea Venter het verlede naweek aan die *DTMA*-danskompetiesie deelgeneem. Monique behaal 77% in haar solo en 80% in die groepdans. Khloé behaal 'n derde plek in haar solo en 80% in die groepdans. Timea behaal 'n tweede plek in Musikale Teater asook HipHop en 80% in die groepdans.

Al drie hierdie leerders kwalifiseer om aan die *DTMA* Provinsiale danskompetiesie vanaf 22 tot 24 Mei te gaan deelneem.

Baie sterkte! Ons is baie trots op julle.

STREEK- OF PROVINSIALE PROEWE

Talle van ons leerders is tans besig om aan verskillende proewe deel te neem. Sewe van ons seuns het hierdie week aan die Griffons Plattelandproewe deelgeneem. Geen uitslae is nog ontvang nie.

Twaalf van ons dogters het gister aan die Lejweleputswa netbalproewe deelgeneem. Elf het gekwalifiseer vir vandag se tweede rondte.

Baie sterkte vir hierdie seuns en dogters.

HOK (HENNENMAN ONDERSTEUNERSKLUB)

Ons nooi u graag uit om 'n lid van HOK te word! Lidmaatskap is R150 per persoon en word aangewend om behoeftige leerders rondom buitemuurs te help. U as lid ontvang gratis toegang tydens tuiswedstryde en die geleentheid om heerlik na 'n tuiswedstryd, in die sportkamer saam te kuier en te braai.

Ons gaan ook hierdie naweek bo-in-die sportkamer saam kuier! Kom wees ook deel van hierdie inisiatief!

BADKAMERS

Na 'n insident van vandalisme word die seuns se badkamer gesluit. Elke personeellid het 'n badkamersleutel; die seuns teken dan vir die sleutel wanneer hulle badkamer toe wil gaan.

Elke leerder het ook 'n badkamervorm wat voltooi word wanneer hulle die klas verlaat.

Geniet 'n geseënde naweek!

**Vriendelike groete
Brenda Hoffman**